



Stellenbosch toer gevul met verrassings



Die volgende **GrietGriet** word in Maart 2020 uitgereik.

Basketbal Kampioene

Mags het die jaar vir die 4^{de} agtereenvolgende jaar die basketbaltrofee huis toe gebring. Die basketbal dames was die seisoen onoorwonne. Hulle het Curelitzia in die semi-finaal en Asterhof in die finaal geklop om uiteindelik as weners gekroon te word. Die uitmuntende span het 118 doele aangeteken en slegs 12 doele is teen hulle aangeteken. As 'n bonus, het Mags die Tuks Sport wisseltrofee ontvang om permanent te hou as gevolg van ons deurlopende wenrekord.

Stellenbosch, met sy besonderse wyne and beeldskone natuurskoon het die harte van die dames bekoor tydens die Stellenbosch toer in September. Spesiale Mags-herinneringe is gemaak tussen die prentjiemooi berge.

In die tou op OR Tambo lughawe het die opgewonde toerdames hul eerste spesiale Mags-oomblik gedeel toe 'n alumnus ons pienk hemde en ons Maer-Grietjie gelukbringer herken het. Die alumnus was niemand anders as Mev Fearika Heyns (née Botha) nie - die ontwerper van Maer-Grietjie. Sy het dadelik die helder pienk op die lughawe herken, en die toer kon nie op 'n hoër noot afgeskop het nie.

Deur die week het die dames verskeie hoogtepunte beleef. Plekke soos Hidden Valley, Root 44 Mark, Classic Cats Gin en die Spice Route is besoek. Buite die JC le Roux gebou het die dames in 'n kring die MA-MA-MA uit volle bors gesing. Op die laaste aand het Wilgenhof manskoshuis ons genooi vir 'n skakeling.

Baie dankie aan almal wat betrokke was by die organisering van die toer. Hierdie spesiale herinnering sal altyd gekoester word.

Klara von Weilligh



Nuwe Spikkel-mammas

Tydens ons Oktober Opedag het 'n paar alumni dames saam met hul benoude, tog opgewonde dogters die koshuis besoek met die droom om in ma se voetspore te volg. Cato Coetzee, Jonellda Verhoef en Sanette de Wet het die Opedag bygewoon saam met Helena, Juané and Mirna.

Cato Coetzee was die jare 1989-1991 in Mags. Sy het Huishoudkunde studeer en het as lenkvoog op die HK gedien vir die termyn 1990/1991. Sy was een van die Spikkels wat in die rekordbrekende mini-bus ingeprop is.

Sanette de Wet het Antropologie studeer en was 'n inwoner van Mags vanaf 1992 tot 1994. Sy onthou dat sy en drie ander alumni dames (Kantrien Coetzee, Kirsti van Zijl en Maryke Bailiss) een middag al die trofees uit Mopanie se kabinet gesteel het. Dit het natuurlik 'n paar ongelukkige Mopanie manne tot gevolg gehad.



Spikkelweek 2019

Gedurende dié spesiale week het die Spikkels deelgeneem aan aktiwiteite soos “kardio dans”, 1980s joga-temas, pienk Donderdag huppels (tot Madelief se onsteltenis natuurlik) en selfs ‘n “leer-hoe-om-te-sokkie/Afrika dans” skakeling.

Die skattejag waarna almal uitgesien het, het vereis dat die Spikkels op Hillcrest-kampus van punt tot punt moet beweeg om die uiteindelijke prys van “spog-regte” te ontvang. Die opwinding het voortgeduur toe die Morula Jarre die Spikkels se banier gesteel het. Die brawe Mopane peppies het egter na ‘n lang stryd die banier aan ons terugbesorg.

Al die aktiwiteite en opwinding deur die week het opgebou tot die hoogtepunt van die week - Spikkel Dinee! Die Spikkels het van vroeg af reggemaak, mekaar se grimering gedoen, fotos geneem en toe die aand omgedans. Die perfekte manier om ‘n wonderlike jaar op ‘n hoogtepunt af te sluit. Die Spikkels sal sonder twyfel die week nie gou vergeet nie.

Lauren Gangiah



Acapella - ‘n moordende ervaring

Acapella was ‘n misteriese moord-tema wat net deur die Mags dames opgelos kon word. Op die 8^{ste} Augustus 2019 het ons Acapella dames amper met moord weggekom. Die waarheid is egter vertel tydens ‘n Moordenaars Anoniem vergadering. Die moordneigende dames het ‘n fantastiese vertoning gelever.

Na die dames die lig gesien het, het hulle besluit om ‘n lewe sonder bloed op hul hande te probeer leef. Met die hulp van hul sielkundige is die weg gebaan vir ‘n minder gewelddadige lewe. Dit het natuurlik nie lank gehou nie en die sielkundige kon die musiek nie langer ignoreer nie, buitendien - “she had it coming...”

Deur die reis op pad na herstel het die dames geleer om hulself te aanvaar vir wie hul werlik is. Selfs al is hulle nie deur die res van die gemeenskap aanvaar nie, het hulle hulself verkies bo ander; die band gevorm onder mekaar was belangriker as die gemeenskap se idees oor hulle. Met hierdie vertoning het die Mags Acapella groep deurgedring finaal toe.

Hul vertoning by die finaal was “MAGSnificent” en sal vir lank onthou word. In die kategorie vir dames het Mags algeheel ‘n derde plek behaal. Verder het ons dames ‘n

tweede plek vir “eie komposisie” ontvang en ‘n eerste plek vir “beste reëlins en organisering”.

Onder leiding van die Acapella HK lid en ‘n uitstekende afrigter is dit veilig om te sê: “They certainly killed it!”

Jonett Olivier



‘n Tyd om te gaan...

‘n Jaarlikse bittersoet gebeurtenis is die senior afskeid - ‘n spesiale funksie waar al die Pienk Paleis herinneringe saamgevat word in ‘n 5-minute lange skyfievertoning (mag ek byvoeg, ook heel emosionele vertoning).

Bywoning van die senior afskeid is ‘n finale herinnering dat die laaste hoofstuk in jou koshuislewe tot ‘n einde gekom het. Geen meer trappe op en af hardloop opsoek na ‘n bietjie suiker of om net geselsies aan te knoop nie. Onthou, jy is nou ‘n volwassene en behoort as sodanig op te tree. Jy kyk om jou en besef dat jy met al jou Mags-susters om jou ‘n spesiale herinnering gedeel het - saam het julle per abuis liedjies op die InSync verhoog opgemors of ‘n skoen of oorbel verloor tydens ‘n passievolle huppel oor die blad.

Watter rol jy ook al deur die jare in Mags gespeel het, die fondasie staan sterk. Die verhoudinge wat gebou is, die vaardighede geleer en ontwikkel, en die algehele betekenis daarvan bly die kersie op die koek van ‘n senior afskeid.

Dimakatso Molepo



Pienk gebreide truitjies

Hoeveel van julle kan nog die babapienk gebreide Magrietjie truitjies onthou? Ons probeer bepaal watter jaargroep was die laaste om hierdie truitjies te laat maak - ons dink dit was iewers in die laaste 10 jaar. Laat weet ons of jy nog 'n pienk truitjie gehad het. En dan die mees belangrikste vraag: Het jy nog jou pienk truitjie?



Interne prestige

Op die 25^{ste} Augustus het ons die jaarlikse Mags interne prestige gehad. Hier het ons die geleentheid gehad om erkenning te gee aan al die dames wat deur die jaar uitblink het in akademie, sport, kultuur en Jool. Adel Cato (Mags Dame van die Jaar 2018) het 'n hartroerende toespraak met ons gedeel en kon haar toekenning uiteindelik self ontvang na haar ongeluk 'n jaar gelede. Ons het hierdie jaar se Mags Dame van die Jaar en Spikkel van die Jaar ook aangekondig by die geleentheid.



Precious Simango
Mags dame van die Jaar



Lauren Gangiah
Spikkel van die Jaar

Die 2020 Housekomitee 'brand' met passie

Op die 21^{ste} Augustus is nog 'n groep uitstaande dames gekies om die Pienk Paleis op die Huiskomitee te verteenwoordig. Sedertdien het die nuutverkose HK mekaar beter leer ken en hulself voorberei vir die termyn wat voorlê. Daar was gelukkig 'n paar opleidingskampe ter ondersteuning van hul nuwe rol. 'n Interne kamp het hulle op 'n hoë noot laat wegspring, waar die tema vir die jaar bekend gestel is en vele verskillende aktiwiteite aangepak is om spangees te bou. Die huisouers het almal met heerlike kos bederf en oud-primaria Christél Muller het as motiveringspreker en fasiliteerder 'n groot bydrae gelewer. 'n Gevoel van eenheid is versterk en hoë verwagtinge vir die komende jaar is in die vooruitsig gestel.

Die tema wat gekies is vir die jaar 2020 is "Ignite". Die huiskomitee wil hiermee 'n passie kweek vir lewe, kennis en die mense rondom hulle. Passie verseker dat elke dame 'n doel in die lewe het en dit voluit sal uitleef. 'n Logo is ontwerp om die tema te illustreer. Die logo kan regs gesien word.

Die tema van die jaar kan beter beskryf word aan die hand van 'n vuurhoutjiesboksie. Die boksie verteenwoordig die koshuis en die vuurhoutjies verteenwoordig die Mags dames. Die vuurhoutjies (dus die Mags dames) kan gebruik word om 'n vuur aan te steek. Afsonderlik kan nie die boksie of die vuurhoutjies behoorlik funksioneer nie. Die vuurhoutjie kort die boksie om 'n vuur aan te steek (soos dames die koshuis nodig het). Wanneer dit vlam gevat het, kan elke dame die ander vuurhoutjies rondom haar aansteek. En... dit kort net een dame om 'n onblusbare vuur te versprei.



Bring die water,
Bring die sand.
Mags is aan die brand.
Um-lilo we Mags
Um-lilo uya shisa,
ungawu lokogthi

Tanna Brownlee
(Primaria)



Uit ons skatkis...

Dankie Ezmé Stander wat 'n beursgeleentheid met die Mags dames gedeel het!

Nalize Boshoff het geskryf: "Baie dankie vir julle moeite. Altyd lekker om van julle te hoor. Ek geniet dit dat jul so mooi afrikaans kan praat!!!!

Red: Dankie Nalize vir jou welkome woorde van waardering!

Een van die voornemende pappas het geskryf: "Baie dankie vir die professionele ontvangs wat ons by Huis Mags gehad het toe ons my dogter Cara gevat het met die opedag verlede Saterdag."

Red: Dankie Mnr Neuhoff vir jou vriendelike woorde.

Nog 'n manlike aanhanger het aan ons geskryf en aangedui dat hy al meer as 16 jaar met 'n Magrietjie dame getroud is. Hy was op soek na fotos van haar gedurende haar koshuisjare wat hy wou gebruik tydens haar 40^{ste} verjaardag.

Red: Johann of Edith, skryf gerus en vertel wat die uitkoms van die spesiale verjaardag was!

Redakteur: Cecile Kruger

